

S.J. KRITZINGER. *Rustig vloei die Moreletta ...: geskiedenis van Silverton, Meyerspark, Saliesshoek, La Concorde, Wilgers, Murrayfield, Val de Grace, Lydiana, La Montagne, Brummeria, Georgeville, Navors, met herinneringe van ou inwoners.* Rapportryerskorps van Meyerspark: Pretoria, 1980. 161pp., plus 16 pp. foto's. R4,00 (AVB inklusief)

Anders as wat die titel suggereer, is hierdie nie 'n geskiedenis van die Moreletta, 'n spruit wat deur oostelike Pretoria vloei, nie, maar van Silverton en die omliggende woongebiede wat in die subtitel aangedui word. 'n Plaaslike geskiedenis van hierdie gebiede is dit egter ook nie heeltemal nie, veel eerder 'n bloemlesing van interessante historiese materiaal — gedruk en mondeling oorgelewer — wat nostalgiese beelde uit die verlede van hierdie omgewing oproep.

Die skrywer wat baie van die ontwikkelings persoonlik meege- maak het, was goed toegerus om hierdie taak te onderneem, 'n taak wat hy met groot entoesiasme aangepak en deurgevoer het. Ongelukkig is hy self te min herskeppend aan die woord, sodat die uiters interessante historiese gegewens wat hy byeen gebring het, nie altyd samehangend aangebied word nie.

Nogtans bied die werk onderhoudende lees- en kykstof, nie net vir die inwoners van hierdie gebiede nie, maar ook vir die navorser, veral die naamkundige en die kultuurhistorikus.

Die boek is netjies uitgegee in 'n hardeband waarop 'n oorspronklike skildery van die pioniershuis in Silverton deur dr. B.K.J. Anderssen in volkleur afgedruk is. 'n Redelik volledige naam- en sakeregister maak dit maklik om naslaanwerk in die boek te onderneem.

A.G. OBERHOLSTER  
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*